**Goeie Vrydag 19 April 2019**
**Skriflesing: Johannes 19 vers 28 tot 42**

Jesus is 6 maal deur die Joodse Raad en Romeinse owerheid verhoor en deur Petrus verloën. Hy is onskuldig die doodsvonnis opgelê. Hy is gekroon met 'n doringkroon, gespot, gespoeg en gegesel. Terwyl Hy ly en sterf, fokus Hy steeds op my en jou.

Dit is hoe ons Hom in die afgelope week in Johannes 18-20 leer ken het. In Johannes 18 vers 8 sien ons van Sy omgee vir mense. As die soldate Hom in Gestsemané in hegtenis wil neem, sê Jesus: "Ek het vir julle gesê dit is Ek. As julle My soek, laat die mense hier by My dan toe om weg te gaan." 'n Paar verse verder, in Johannes 18 vers 11, leer ons Hom ken as vredemaker wat gehoorsaam en toegewy is aan God se opdrag vir Hom. Toe Petrus die slaaf se oor met 'n swaard afsny, sê Jesus: "Sit die swaard in sy skede terug. Moet Ek dan nie die lydensbeker drink wat die Vader My gegee het nie?"

In Johannes 18 vers 20 - 23 leer ons Hom ken as die Waarheid. Hy het geen verborge motiewe nie. Toe die hoëpriester Annas Hom ondervra het, het Jesus geantwoord: "Ek het in die openbaar met die mense gepraat. Ek het hulle altyd in die sinagoges en in die tempel geleer waar al die Jode bymekaar kom; en Ek het niks in die geheim gesê nie. Waarom ondervra u My? Ondervra dié wat gehoor het wat Ek vir hulle gesê het. Hulle weet wat Ek gesê het."

In Sy verskyning voor Pilatus leer ons Hom ken as Koning. In Johannes 18 vers 36-37 bevestig Jesus dat Hy 'n koning is, maar Hy verduidelik ook hoe Sy koninkryk lyk: "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie," antwoord Jesus. "As my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my onderdane geveg het sodat Ek nie aan die Jode uitgelewer sou word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie."

In Johannes 19 vers 26-27 leer ons Hom, terwyl Hy sterwend is, ken as iemand wat steeds op ander mense se behoeftes en belange fokus. Hy is 'n versorger en verhoudingsmens tot die einde toe. "Toe Jesus Sy moeder sien en die dissipel vir wie Hy baie lief was, wat by haar staan, sê Hy vir haar: "Daar is u seun." Daarna sê Hy vir die dissipel: "Daar is jou moeder." Van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem."

Tot aan die einde sien ons Jesus se diensbaarheid en Sy liefde vir Sy navolgers. In Markus 10 vers 45 lees ons dat dit is waarom Hy aarde toe gekom het: "[45]Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as 'n losprys vir baie."

Ook in Sy kruiswoorde hoor ons Sy diensbaarheid. "Ek is dors." Jesus is liggaamlik dors, want Hy is tot die dood toe mishandel en uitgebloei. Maar Hy is ook dors na God en die wil van God. Die wil van God is dat Hy in ons plek sterf sodat ons kan leef.

"Dit is volbring!" Ons sonde skei ons van God. Die Jode het geglo dat mense slegs vergifnis ontvang wanneer 'n dier in hul plek geoffer word. Dit is die enigste manier waarop hulle weer rein kon word voor God. Mense het herhaaldelik gesondig, daarom moes hulle voortdurend offers bring. Jesus was die genoegsame en finale offer wat vir sonde gebring is. Wanneer Johannes die Doper Hom sien, getuig hy in Johannes 1 vers 29: "Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" Die woord

volbring kan ook met "opbetaal" vertaal word. As Jesus uitroep: "Dit is volbring!" dan verklaar Hy dat Hy die volle prys vir ons sondeskuld betaal het. Ons skuld God niks meer nie. Ons kan vrylik tot God nader. Ons, wat eens tot dood veroordeel was, ontvang nou van Hom lewe en dit in oorvloed.

Maar ek kan nie net kennis neem van Jesus se omgee, dat Hy die Waarheid en Koning is wat ons versorg en vir ons sondeskuld betaal het en dit verander nie my lewe nie.
Ons lees van vier mense by die kruis wie se lewens ingrypend verander het terwyl Jesus sterf.

Ons lees die verhaal van **die misdadiger langs Jesus aan die kruis** in Luk 23:39-43:
39Een van die misdadigers wat daar gehang het, het Hom gelaster deur te sê: "Is jy dan nie die Christus nie? Red jouself en ons ook!"
40Maar die ander een het hom tereggewys en gesê: "Is jy nie bang vir God nie? Jy ondergaan tog dieselfde straf as hierdie man! 41In ons geval is dit regverdig, want ons ontvang die verdiende straf vir ons dade. Maar hierdie man het niks verkeerds gedoen nie."
42Verder sê hy: "Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom."
43Jesus antwoord hom: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."

Die getuienis van die **Romeinse offisier** lees ons in Markus 15 vers 39: "Toe die offisier, wat reg voor Jesus gestaan het, Hom die laaste asem só sien uitblaas het, het hy gesê: "Hierdie man was werklik die Seun van God."

Ons lees van **Josef van Arimatea** in Lukas 23 dat Hy nie met die besluit en optrede van die Joodse raad saamgestem het nie. **Nikodemus** kom in die nag na Jesus. Jesus praat met hom oor wedergeboorte.(Johannes 3) In Johannes 7 vers 50 lees ons dat Hy vir die Fariseërs sê dat hulle, volgens hulle eie wet, nie iemand mag veroordeel as hulle nie sy kant van die saak gehoor het nie.

En dan ontmoet ons Josef van Arimatea en Nikodemus weer na Jesus se dood. Hulle was gesiene manne en lede van die Joodse raad. Tot by die kruis het hulle Jesus in die geheim gevolg. Nou wys hulle openlik dat hulle Hom volg. Sy dood en hulle besef van wie Hy was, het hulle tot geloof, getuienis en optrede aangespoor. Hulle salf sy liggaam met hoeveelhede van mirre en aalwyn soos mens slegs vir koning sou doen.

Hierdie 4 mense se lewens is in die skaduwee van die kruis onherroeplik verander.
Watter verskil maak die kruis in jou lewe?

Vir die afgelope week het ons gefokus op Jesus wat vir ons gely en aan die kruis gesterf het om ons lewens te vernuwe. Ons het Hom leer ken as die een wat omgee, wat die Waarheid en ons Koning is. Hy versorg ons en het vir ons sondeskuld betaal. Sy leë kruis stel my en jou voor 'n keuse:
Vandag is Goeie Vrydag wanneer ons die knie voor Hom buig en Jesus as Koning erken.
Vandag is Goeie Vrydag wanneer ons die Een wat die sondes van die wêreld wegneem, as Verlosser aanvaar. Anders is dit net nog 'n openbare vakansiedag.
**Amen**